**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 5 FEBRUARIE 2014 OM 13:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 01/2014**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed deur Des Muller geopen waarna al die lede welkom geheet word. Eregaste Altus Eitner en Antoinette Snyders asook nuwe lede Jennifer Williams en Lydia Havenga word ook verwelkom. Die Voorsitter spreek sy dank uit vir die opoffering en goeie werk wat die verteenwoordigers lewer en verwelkom hulle almal by die eerste vergadering. Hy verwys na die Algemene Jaarvergadering en nooi die lede uit om hande te vat en van 2014 'n sukses te maak.

Hy versoek ook dat die Agenda n bietjie verander word om die eregaste se beskikbaarheid te akkommodeer.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | Voorsitter | Tergniet |
| Len Rauch | | Tergniet |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Des Muller | | Riverside |
| Johann Muller | | Reebok (onder spoor) |
| Johan Lotter | | Reebok (bo spoor) |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Frik Nel | | Reebokrif / Bewarea |
| Mike Wray | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Jan Roets | | Tergniethoogte |
| Jennifer Williams | | Toekoms |
| Lydia Havenga | | Bewarea |

### 2.2 Op uitnodiging

| | |
|---|---|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 |
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 |
| Rozain Hansen | Munisipaliteit |
| Kaylene Taute | Munisipaliteit |
| Altus Eitner | Munisipaliteit |
| Antoinette Snyders | Munisipaliteit |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | |
|---|---|
| Frans de Graaff | Munisipaliteit |
| Charl De Wet | Kleinbrak |
| Terrie Terblanche | Riverside |
| Chris Pretorius | De Lange Uit |

## 3. LIEF EN LEED

Gelukwense aan Charl De Wet met sy verjaarsdag op 15 Februarie 2014.

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **4.** | **AANBIEDING DEUR MUNISIPALE AMPTENAAR** | |
| | Raadsheer Kalie Smit maak verskoning vir Mnr Eddie Kruger Direkteur Stadsbeplanning en lê die Midbrak gebiedskaart voor aan die lede en wys hulle ook daarop dat daar wel leemtes is soos Fraai Uitsig wat nog bekend staan as Kleinbrakrivier uitbreiding 4. Kruger De Wet noem dat die proses goed deurtrap moet word om al die leemtes te indentifiseer. Die Voorsitter versoek dat daar n span aangewys moet word wat hierdie leemtes aanspreek. Die kartering van nuwe uitbreidings en huidige areas asook die hersiening van straatname moet prioriteit geniet. Vergadering sal gereel word tussen Mnr Eddie Kruger en die MBBV. Len Rauch en Charl Coetzer sal projek handteer. | Eddie Kruger<br>Rdh Kalie Smit<br>Len Rauch<br>Charl Coetzer<br>Gibo Gerber |
| **5.** | **MBBV VERDIENSTELIKHEIDSERTIFIKATE** | |
| | Die Voorsitter oorhandig die res van die MBBV Verdienstelikheidsertifikate aan lede wat uitstaande diens gelewer het tot voordeel van die Midbrak gebied asook die gemeenskap die afgelope jaar. Hy bedank hulle afsonderlik vir die ekstra myl wat hulle geloop het. Die volgende lede ontvang sertifikate:<br><br>**<u>Mosselbaai Munisipaliteit</u>**<br>Altus Eitner – Paaie/Stormwater<br>Antoinette Snyders – Voormalige Wnde Hoof Gemeenskapveiligheid<br>Rdl Gibo Gerber - Raadslid Wyk 5<br>Rozain Hanzen – Munisipale Verteenwoordiger<br>Bertie Supra – Hoof Bou Inspekteur Mosselbaai (Afwesig)<br>Abdul Coleridge – Bou Inspekteur Grootbrakrivier (Afwesig) | Kalie/Rozain |
| **6.** | **VERKIESING VAN NUWE UITVOERENDE BESTUUR** | |
| 6.1 | Rdh Kalie Smit neem waar as verkiesings beampte. Nominasies is as volg ontvang:<br><br>**Voorsitter:** Anton Dellemijn<br>**Onder-voorsitter:** Kruger De Wet, Mike Wray, Johan Lotter en Johann Muller<br>**Sekretaris/Tesourier:** Nata Pretorius, Charl Coetser en Johan Lotter.<br>**Notuleerder:** Lavinia Lunow en Charl De Wet. | |
| 6.2 | Johann Muller en Kruger De Wet het hulle nominasies as onder-voorsitter onttrek, en die Uitvoerende Komitee vir 2014 is soos volg verkies:<br>**Voorsitter:** Anton Dellemijn<br>**Onder-voorsitter:** Mike Wray<br>**Sekretaris en Tesourier:** Johan Lotter (Tydelik)<br>**Notuleerder:** Geen – Staan oor tot volgende vergadering. | |
| 6.3 | Beskikbare posisies sal geadverteer word. | Anton |
| 6.4 | Die vergadering neem kennis dat Dorothy Barnard uitgetree het by die MBBV se Algemene Jaarvergadering gehou op 16 Desember 2013 en bedank haar vir haar uitstaande bydrae gelewer. | Lede |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **7.** | **GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING** | |
| | Die notule van die vorige vergadering word goedgekeur. | Lede |
| | Voorgestel en gesekondeer deur Kruger De Wet en Kalie Smit. | |
| **8.** | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| **8.1** | **Nuwe lede: Induksiefase.** | |
| **8.1.1** | Lydia Havenga word as 'n nuwe lid by Bewarea verwelkom. Vergadering sal gehou word tussen Frik, Anton en Lydia om die Bewarea oorgangsfase, doelwitte en nuwe projekte te bespreek vir die jaar. Die Voorsitter benadruk die belangrikheid van die Bewarea funksie in die samelewing en gebied. Hy nooi al die lede uit om hande te vat en Bewarea na hoër hoogtes te neem. | Anton/ Frik/ Lydia/ Lede |
| **8.1.2** | Jennifer Williams word ook verwelkom as Toekoms se verteenwoordiger. Die Voorsitter verduidelik dat Toekoms eersdaags as dorpsgebied verklaar gaan word en elke eiendom sy eie titelakte sal ontvang.. Dit sal tot voordeel wees vir die gemeenskap om nou al betrokke te raak by die MBBV om die voortreflikheid van Toekoms te verseker. Hy bedank die gemeenskap dat hulle eienaarskap aanvaar vir hulle omgewing. Rdl Gibo Gerber gee agtergrond geskiedenis oor Toekoms. Jennifer noem dat hulle opgewonde is oor die nuwe verandering en dat hulle gebied ook die nodige aandag sal geniet vir voortreflike vooruitgang. | Anton/ Gibo/ Jennifer |
| **8.2** | **Vakansie seisoen: Nabetragting (en Kleinbrak Blouvlag)** | Anton/Rozain |
| **8.2.1** | Rozain Hanzen sal uitvind as die Munisipaliteit 'n Vakansie Nabetragting Vergadering gaan hou of die MBBV net hulle terugvoer aan die Munisipaliteit moet stuur. | Rozain |
| **8.2.2** | Pieter Le Roux versoek dat die Lewensredders by Kleinbrakrivier se ure verleng word omrede die meeste vakansiegangers eers na 17h00 gaan swem. Huidiglik beloop die ure vanaf 09:00 tot 17h00. | Rozain |
| **8.2.3** | Len Rauch noem dat daar baie klagtes was rondom vuurwerke. Die Munisipaliteit moet alle regulasies hersien wat nie afdwingbaar is nie. Verskeie vuurwerke het geklink soos kanonskote. Hy noem dat Durban sekere tye afgekondig waar inwoners vuurwerke mag afvuur en het die nodige wetstoepassers teenwoordig gehad. | Rozain |
| **8.2.4** | Rdl Gibo Gerber noem dat die wetgewing voorsiening maak om op te tree teen onwettige invoer van vuurwerke en die saak deur Nasionaal hanteer moet word. | Rozain |
| **8.2.5** | Kruger De Wet bedank die Munisipaliteit dat hulle op so kort kennisgewing al die gate in die paaie, die sny van gras en vele ander sake betyds voor die seisoen afgehandel het. | Rozain/ Kalie |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **8.2.6** | Charl Coetzer noem dat die Munisipaliteit daadwerklik moet kyk om borde op te rig op alle sandduine. Vakansiegangers besef nie wat se skade hulle aanrig om op die sandduine te speel of dit te versteur nie. | Rozain |
| **8.2.7** | Johann Muller noem dat daar te Grootbrak met dwelms gesmokkel was gedurende die seisoen. Behoorlike agtergrond navorsing moet gedoen word om te verhoed dat verkeerde vakansie werkers aange-stel word. Rdl Gibo Gerber dra kennis en noem dat hoë vlak onder-soeke tans aan die gang is. | Johann/ Gibo/ Rozain |
| **8.3** | **Algemene Jaarvergadering gehou op 16 Desember: Nabetragting** | Voorsitter |
| | Die Lede besluit dat die Vergadering later in die Jaar gehou moet word om al die Vakansiegangers te akkommodeer. Die vergadering sal op Maandag 22 Desember 2014 plaasvind. Johann Muller maak voorstel dat kennisgewings aan alle inwoners gestuur moet word asook die gebruik van voertuig met luidsprekers in die strate moet aangewend word. Plakkate sal ook gemaak word. Die Voorsitter noem dat die uitleg van die vergadering te lank is en dat verskeie lede die kans gegee moet word om sekere items aan te bied. Die vorige notule sal net voorgehou word vir goedkeuring om die tyd in te kort. Die Algemene Jaarvergadering sal nie weer op 16 Desember gehou word nie. Die Voorsitter benadruk dat die BBV geen ander keuse ge-had het nie en dat die Reebok saal betyds bespreek sal word. | Lede/ Johann Muller/ Anton |
| **8.4** | **Geraas- en lugbesoedeling deur helikopters en laagvliëende vliegtuie** | |
| | Die lede het klagtes ontvang van verskeie helikopters, mikro vliegtuie asook klein ligte vliegtuie wat laag oor die huise vlieg en hulle klank afgooi wat geraas veroorsaak. Die saak sal onder die aandag van die Munisipaliteit asook Burgerlugvaart gebring word sodat vlieeniers die lugvaart regulasies nakom en ongelukke vermy. | Rozain/ Anton/ Kruger |
| **8.5** | **Omskakeling van rioolstelsel – Bespoediging (uit AJV)** | |
| | Die Voorsitter verwys na die Notule van die Algemene Jaarvergade-ring op 16 Des ’13, Mnr E Wasserman van Jonkersbergweg 19 se navraag oor vordering met ’n vestiging van rioolaanleg vir die hele Midbrakgebied. Voorsitter benadruk dat dit ’n baie lang proses is en dat dit nog ’n hele aantal jare sal neem. Besoedeling rondom huidige stelsel word gereeld gemonitor. Lede stel voor dat die item op die aktiwiteits lys geplaas word tot November waarop die Munisipaliteit vordering kan weergee wat dan op die AJV hanteer sal word. | Anton/ Rozain |
| **8.6** | **Toekoms** | |
| | Verwys na punt 8.1.2 | Anton |
| **8.7** | **Nasionale Verkiesing & Registrasie Naweek prosedure** | |
| | Rdh Kalie Smit gee volledig terugvoer oor hoe die verkiesings proses werk. Dit is baie belangrik dat inwoners (Kiesers) moet weet waar hulle moet gaan stem en tydens die registrasie naweek gaan | Kalie/ lede |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | registreer. Die wat dit nie kan maak nie is welkom om by die OVK se kantore te gaan registreer in Heiderand. Sodra die President die Verkiesingsdatum proklameer kan geen registrasies meer plaasvind nie. Lede kan die sms nommer gebruik (32810) om vas te stel waar hulle geregistreer is. Charl Coetzer bevestig dat Kwanonqaba Binnelandse Sake oop is vir ID dokumente. Rdl Gibo Gerber noem dat die nuwe kaarte ook beskikbaar is vir bo 60s en ander lede kan in hulle verjaarsdag maand vir hul kaarte gaan aansoek doen by Binnelandse Sake. | |
| **8.8** | **Onwettig storting van grond te 11 Steenbras Straat** | |
| | Mike Wray rapporteer dat daar onwettig sand gestord word op Steenbras Straat 11 en dat die saak onder die Bou Inspekteur se aandag gebring is. Antoinette Snyders sal opvolg. | Rozain/ Kalie |
| **8.9** | **Plakkate** | |
| | Frik noem dat daar in Fraai Uitsig onwettige plakkate teen pale geplak word. Hulle het dit sommer self verwyder. Lede word versoek om die tipe plakkate se kontak besonderhede aan die Munisipaliteit deur te gee. | Lede |
| **9.** | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| **9.1** | **Bywoning van munisipale komiteevergaderings vir 2014** | |
| | Die Jaarprogram word ontvang vanaf Rozain Hanzen en aangeheg vir maklike verwysing. Die volgende Vergadering is op 12 Februarie 2014 en Kruger De Wet en Pieter Le Roux sal bywoon. | Kruger/ Pieter |
| **9.2** | **Hersiening van straatname in die gebied** | |
| | Terugvoer op ons skrywe van 16 Oktober is nog uitstaande. Die saak sal ook met Mnr Eddie Kruger en die projek leiers bespreek word. Jennifer noem ook dat Toekoms al geruime tyd wag vir hulle straatname. Rdl Gibo Gerber onderneem om hulle versoek deur te gee | Len/ Charl/ Kalie Jennifer/ Gibo |
| **9.3** | **Onwettige ingang vanuit Impalalaan – Erf 1155** | |
| | Die aangeleentheid staan oor weens die amptelike afwesigheid van Frans de Graaff. Die Voorsitter noem dat stories die rondtes doen dat die Vereniging die inwoners wil benadeel. Klagtes word ontvang en gerapporteer aan die Munisipaliteit. Daar is gevind dat die regulasies oortree is in die geval. Die Voorsitter versoek egter dat die Munisipaliteit die nodige kanale volg en eienaarskap aanvaar vir die uitvoering van pligte en regulasies. | Frans De Graaff |
| **9.4** | **R102 - Skoonmaak van sypaadjies** | |
| | Dank en waardering word uitgespreek vir Eden Distriks munisipaliteit se nakoming van versoek soos beloof. Die gebied het egter baie | Anton/ Gibo |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | aandag nodig en verdere onderhandelinge sal bespreek word met Anton Steenkamp van Eden Distriks munisipaliteit. Sekere indraai rigting aanwyser borde ontbreek in R102 en sal ook weer aangespreek word. | |
| **9.5** | **Grondwet hersiening** | |
| | Die Voorsitter verwys na die AJV Notule van 16 Des '13. Goedkeuring is verleen vir die nodige veranderinge waarby ledegeld weer ingesluit gaan word. Anton en Kruger sal bymekaar kom om die Grondwet aan te pas vir finale Goedkeuring tydens die 2014 AJV. | Anton/ Kruger |
| **9.6** | **Honde op strande – publieke deelname proses deur MEP** | |
| | Die Voorsitter spreek sy kommer uit oor die Munisipaliteit se hantering van die hele proses en dat Glentana ook foutiewelik resorteer onder Midbrak. Saak is met Mnr Puren bespreek vir regstelling. Die komitee beslis dat die item op die aktiwiteitslys geplaas word tot November wanneer die Munisipaliteit hulle regulasie sal hersien. | Anton/ Lede |
| **9.7** | **Pad na Powertown / bootlanding** | |
| | Mosselbaai Munisipaliteit, Eden Distriks munisipaliteit, Dept Waterwese en Dept Omgewing sake is genader deur Vernon Gibbs vanaf Eden Distriks munisipaliteit vir hulp en ondersteuning. Anton sal opvolg. | Anton |
| **9.8** | **Ongemagtigde strukture (Wendy huis en skadunet) in Impalaweg** | |
| | Die aangeleentheid staan oor weens die amptelike afwesigheid van Frans de Graaff. | Frans De Graaff |
| **9.9** | **Besigheidskaartjies vir die Vereniging** | |
| | Besigheidskaartjies lyk baie mooi en is beskikbaar vir alle lede. Die voorsitter noem dat die Buurtwag se kaartjies 'n groot verskil gemaak het met die bemarking van die Buurtwag. | Anton/lede |
| **9.10** | **Kusweg – rigting Kleinbrak: Kompaktering van informele voetpad vanuit Reebok na Kleinbrak** | |
| | Gibo en Anton sal met Altus bespreek. | Anton/ Gibo |
| **9.11** | **Erf 502, Albertiniastraat 42, Fraai Uitsig** | |
| | Die aangeleentheid staan oor weens die amptelike afwesigheid van Frans de Graaff. | Frans De Graaff |
| **9.12** | **Verskuiwing en verandering van limietbeperking inligtingstekens** | |
| | Borde nog nie geskuif nie, Anton sal met Altus Eitner bespreek. | Anton |
| **9.13** | **Kartering van nuwe uitbreidings in Reebokrif** | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | Charl Coetzer noem dat die GPS toetse wat hy uitgevoer het baie foutiewe aanduidings van strate weergee. Rdh Kalie Smit noem dat hy en Len 'n afspraak maak met Mnr Eddie Kruger en saam met ander punte met hom bespreek. | Charl/ Len/ Kalie/ Rozain |
| **9.14** | **Voorgestelde aftreeoord op gedeeltes 31, 41 en 53 van die plaas 136, gedeelte 52 van plaas 137, gedeeltes 121 en 122 van die plaas 129 en plaas 309 en Erf 2842, Grootbrakrivier** | |
| | Die BBV het gereageer per brief dd 31 Jan '14 gerig aan Sharples met die dat die grond 100% gerehabiliteer word voor goedkeuring van ontwikkeling. Die BBV ondersteun ook die kommentaar gelewer deur Deon Potgieter. | Anton |
| **10.** | **WYKSKOMITEES – Wyke 4 en 5** | |
| | Geen bespreking nie. Rdl Gibo Gerber noem dat die eerste Wykskomitee vergadering op 17 Feb '14 plaasvind. | Charl/Johann |
| **11.** | **PROJEKTE** | |
| **11.1** | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | |
| | Frik noem dat alle gate in die strate herstel is. Kruger het die Munisipaliteit bedank vir goeie dienslewering. Frik noem egter dat daar weer vandalisme plaasvind. Lede moet verdagtes identifiseer. Die voorsitter noem dat die CCTV kameras van die buurtwag dalk later van waarde gaan wees. | Frik/ Kruger |
| **11.2** | **Skoonmaak van erwe** | |
| | Jan Roets noem dat die Munisipaliteit vinnig gereageer het op erf 784 en erf 785 geleë in Seekat straat. | Jan/ Johann/ Rozain |
| **11.3** | **Rampbestuur** | |
| | Des bevestig dat die plan nog nie op die Munisipale Webwerf beskikbaar is nie. Rozain sal vasstel waar is die plan beskikbaar en dit deurgee aan die lede. | Rozain/ Charl / Des/ Gibo |
| **12.** | **FINANSIES** | |
| | Banksaldo is R8724.15 en kontant R1848.54. Die Voorsitter verduidelik die uitgawes en inkomste. Die Voorsitter noem dat Dorothy die finale afsluiting doen vir oorhandiging. Kwitansie boeke word ook oorhandig aan die lede na afloop van die vergadering. Nog 'n handtekening word benodig en sal aangewys word. Die Voorsitter bedank die Inwoners vir hulle getroue bydraes en donasies. | Anton/ Kruger/ Charl/ Johan Lotter/ Lede |
| **13.** | **POLISIëRING / BUURTWAG** | |
| | Len gee terugvoer en noem aan die lede dat 80% van alle inbrake deur oop vensters en deure plaas vind en dat daar 'n 50% afname is | Lede |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | van inbrake teenoor verlede jaar. Rdl Gibo Gerber noem dat daar twee verdrinkings was by Sowesia strand en dat daar nog net een lyk gevind is. Oorledenes is van George. Die BBV spreek hulle medelye uit teenoor die familie. | |
| **14.** | **BEWAREA** | |
| | Lydia Havenga word as nuwe lid verwelkom. Sy en Frik sal die nodige aksies neem om die Bewarea fondse oor te plaas na die BBV Rekening. Projekte asook die Bewarea doelwitte sal hersien word. Die grondwet veranderinge sal ook voorgelê word. . | Anton/ Frik/ Lydia |
| **15.** | **PLAASLIKE SAKE** | |
| **15.1** | **De Lange Uitbreiding** | |
| | Geen sake | Chris Pretorius |
| **15.2** | **Fraaiuitsig** | Lavinia/ Charl |
| *15.2.1* | Onkruid in De Jagersweg moet aangespreek word. | Rozain |
| *15.2.2* | Aliwal Suid Straat 11, hoop bakstene. | Rozain |
| 15.2.3 | Kragbokse in Aliwal Suid Straat is oorgroei met bosse. | Rozain |
| 15.2.4 | Grondhope voor huis in Impala. Frans De Graaff is amptelik afwesig. Staan oor. | Rozain/ Frans |
| **15.3** | **Klein-Brakrivier** | |
| ***15.3.1*** | ***Blouvlag status*** | |
| | Die Voorsitter noem dat Kleinbrakrivier 5-Ster status ontvang het vanaf ‘n Internasionale Organisasie. Alle versoek vir die voortreflike uitbreiding van Kleinbrakrivier moet asb betyds deurgegee word. Versoeke is ontvang dat die Lewensredders se werksure verleng moet word vanaf 10h00 tot 20h00 omrede meeste mense laat middag en aand gaan swem | Rozain/ Pieter |
| **15.4** | **Reebok** | |
| ***15.4.1*** | ***Noord van die spoorlyn*** | |
| | Johan Lotter noem dat die Vrou wat druiwe verkoop het weer haar verskyning gemaak het in Impala weg by die Poskantoor. Haar advertensie borde verberg haar nommerplate. Daar is al teen haar opgetree maar sy tree weer onwettig op. Lede noem dat die onwettige Turksvy verkopers beboet asook toegesluit word en almal oor die selfde kam geskeer moet word. Wetstoepassers moet onmiddellik gekontak word. | Lede/ Rozain |
| ***15.4.2*** | ***Suid van die spoorlyn*** | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | Geen probleme om te rapporteer nie. | Johann Muller |
| **15.5** | **Reebokhoogte** | |
| ***15.5.1*** | ***Sluit van elektriese kaste***<br>Anton en Rozain sal weer die saak dringend met William Olivier bespreek. | Rozain/ Anton/ Kruger |
| **15.6** | **Reebokrif** | |
| | Geen probleme om te rapporteer nie. | Frik Nel |
| **15.7** | **Riverside** | |
| | Des noem dat die Ontspanningsarea goed benut word en dat twee toilette beskikbaar was vir die seisoen. Na verdere onderhandling het die Munisipaliteit oorweeg om 'n permanente tydelike toilet op te rig, waaroor die Riverside inwoners verheug is. | Anton/ Des |
| **15.8** | **Tergniet** | |
| | Len noem dat daar hout opdrifsels op die starnd uitgespoel het. Dit is wel opgeruim en op hope geplaas, waar die see weer die hope verspoel het. Saak is deur die Munisipaliteit afgehandel. Oorgroeide bosse in Kusweg is ook verwyder. Dank en waardering aan die Mun vir vinnige optrede. | Rozain/ Len/ Anton |
| **15.9** | **Tergniethoogte** | |
| | Sandhope in Steenbras was aangespreek deur Mike. Saak sal gemonitor word. | Rozain |
| | 'Mike Wray Blvd rylaan' (Tergniet se hoofingang vanuit R102) se onnetheid moet aangespreek word. Gate in pad asook bosse langs pad. | Rozain |
| **15.10** | **Toekoms** | |
| | Die Voorsitter noem dat Toekoms net soos De Lange Uitbreiding in die verlede tydelik sal resorteer onder die BBV, tot finale inlywing en goedkeuring by die AJV in Desember. | Lede/ Jennifer |
| **16.** | **KORRESPONDENSIE** | |
| **16.1** | Powertown situasie met gepaardgaande negatiewe gevolge – Eleanor Nel dd 23 Jan'14 en BBV terugvoer brief dd 23 Jan '14 | |
| **16.2** | Nuwe Lid Navraag – Mnr Anton Muller (Prokureur en inwoner Olckersweg) dd 13 Januarie 2014. Inwoner tree binnekort af en wil graag waarde toevoeg en betrokke raak by BBV. | |
| **17.** | **VOLGENDE VERGADERING** | |
| | Woensdag, 5 Maart 2014 - 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **18.** | **VERDAGING**<br><br>Die vergadering verdaag om 15h45 waarna groepfoto's geneem word.<br><br>ANTON DELLEMIJN<br>**NOTULEERDER**<br><br>GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 1/2014 GEHOU OP 5 MAART 2014 – 13:00.<br><br>ANTON DELLEMIJN<br>**VOORSITTER** | |